

Elohiem; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Meester, en hy dank Elohiem.<sup>1</sup> 7 Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. 8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Meester; en as ons sterf, sterf ons tot eer van die Meester; of ons dan lewe en of ons sterf, ons behoort aan die Meester. 9 Want hiervoor het die Messias gesterf en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers. 10 Maar jy, waarom oordeel jy jou broer? Of jy ook, waarom verag jy jou broer? Want ons sal almal voor die regterstoel van Elohiem gestel word. 11 Want daar is geskryf: So waaragtig as Ek leef, sê Yahweh, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal Elohiem bely.<sup>2</sup> 12 So sal elkeen van ons dan vir homself aan Elohiem rekenskap gee. 13 Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dit liewer, om nie die broer 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie. 14 Ek weet en is oortuig in die Meester Y'shua dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein. 15 Maar as jou broer deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie die Messias gesterf het nie. 16 Laat dan van die goeie wat aan julle behoort, nie kwaad gepraat word nie. 17 Want die koninkryk van Elohiem is nie voedsel en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Afgesonderde Gees. 18 Want hy wat die Messias hierin dien, is aan Elohiem welgevallig en by die mense geag. 19 Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien. 20 Moenie ter wille van voedsel die werk van Elohiem afbreek nie. Alles is wel rein, maar dit is verkeerd vir 'n mens om te eet as dit tot aanstoot is. 21 Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broer aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie. 22 Het jy geloof? Behou dit vir jouself voor die aangesig van Elohiem. Geseënd is hy wat homself nie oordeel in wat hy vir

geoorloof ag nie. 23 Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.

**Romeine 15:1** En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onself te behaag nie. 2 Want elkeen van ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is tot stigting. 3 Want ook die Messias het Homself nie behaag nie, maar soos geskryf is: Die smaadhede van die wat U smaad, het op My geval.<sup>3</sup> 4 Want alles wat tevore geskryf is, is tot ons lering tevore geskryf, sodat ons deur lydszaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. 5 En mag die Elohiem van lydszaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder mekaar te wees ooreenkomstig die wil van die Messias Y'shua, 6 sodat julle die Elohiem en Vader van ons Meester, Y'shua die Messias eendragtiglik uit een mond kan lof toeswaai. 7 Neem daarom mekaar aan, soos die Messias julle ook aangeneem het, tot eer van Elohiem. 8 En ek sê dat Y'shua die Messias 'n dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waaragtigheid van Elohiem, om die beloftes aan die vaders te bevestig; 9 en dat die heidene ter wille van sy barmhartigheid Elohiem kan lof toebting, soos geskryf is: Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van u Naam psalmsing.<sup>4</sup> 10 En ook sê Hy: Verbly julle, o nasies, saam met sy volk;<sup>5</sup> 11 en ook: Loof Yahweh, alle nasies, en prys Hom, alle volke.<sup>6</sup> 12 En YeshaYahu sê ook: Die wortel van Yieshai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop.<sup>7</sup> 13 En mag die Elohiem van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorfloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Afgesonderde Gees! 14 Maar ek self ook, my broers, is oortuig aangaande julle, dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan. 15 Tog het ek ten dele taamlik gewaag om aan julle te skryf, broers, as een wat julle herinner, kragtens die guns

<sup>1</sup> 14:5-6 In die lig daarvan dat hierdie hele hoofstuk oor gebruike handel wat met voedsel te make het, is die "dag" en "dae" waarvan hierdie twee verse praat, waarskynlik 'n verwysing na die "dag" of "dae" van die week waarop verskillende godsdienstige groepe gemeen het dat daar gevas behoort te word. Die Yehudiem het in hierdie tyd die gebruik gehad om twee spesifieke dae van die week as "vasdae" uit te sonder.

<sup>2</sup> 14:11 Vgl. YeshaYahu 45:23

<sup>3</sup> 15:3 Vgl. Tehielliem 69:9

<sup>4</sup> 15:9 Vgl. Tehielliem 18:49

<sup>5</sup> 15:10 Vgl. Devariem 32:43

<sup>6</sup> 15:11 Vgl. Tehielliem 117:1

<sup>7</sup> 15:12 Vgl. YeshaYahu 11:1,10